higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1270**(A)**(N16)H

NATIONALE SERTIFIKAAT

PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010484)

16 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

VEREISTES: Wit A4-tikpapier

Kandidate benodig tekeninstrumente en 'n swart fynlynpen.

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 4 bylaes.

GS

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE:200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

GS

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n woord of frase uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Dubbelbors	A	patroondeel wat oor die heupe pas
1.2	Tussenbelegsel	B	gefatsoeneerde wat uitklok by die soomlyn
1.3	Raglan-mou	C	'n gids om nate aanmekaar te stik
1.4	Merkkepies	D	die vurk wat gevorm word tussen die binnebeennate
1.5	Asimmetries	E	hierdie mou maak deel uit van die neklyn
1.6	Paslyn	F	voorste opening wat ver genoeg oorvleuel om twee rye knope toelaat
1.7	Omslag	G	'n lag materiaal wat aan die belegsel geheg is
1.8	Heupjuk	H	styllyn slegs aan een kant
1.9	Kruis	I	stiklyn
1.10	Klokstuk	J	'n patroonstuk om die rant van 'n mou netjies te maak
		K	end van skuinslyn

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die volgende terme wat in 'n patroonkonstruksieklas gebruik word:

2.1.1 'Slashing'

2.1.2 Skiet ('Ease')

2.1.3 Omspilling

2.1.4 Patroonplot

2.1.5 Parallel

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2 Gee 'n patroonkonstruksieterm vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 Die area van die bolyf waar die armholte geleë is

2.2.2 Die skouerpylnaat op die basiese bolyfvoorkant

2.2.3 Twee lyne wat by 'n 90-grade hoek byeenkom

2.2.4 Wanneer 'n kledingstof direk op 'n figuur gemodelleer word vir 'n uitrusting

2.2.5 'n Materiaallaag om die binnekant van 'n gefatsoeneerde baadjie te bedek

2.2.6 Gestileerde patrone wat nog sonder naatspeling is.

2.2.7 Die deel van die bors wat die meeste uitsteek

2.2.8 Die buitelyne van verskillende blokdele soos voorste bolyf en agterste bolyf

2.2.9 Die tipe mate wat geneem word terwyl daar op 'n harde oppervlakte gesit word

2.2.10 Die tipe mou wat die geskikste is vroue formele baadjie

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 3

3.1 Gee DRIE voorbeelde van omvangsmates wat om die vroulike figuur geneem kan word. (3)

3.2 Gee DRIE belangrike mates wat nodig is om 'n vrouebroekblok te maak. (3)

3.3 Verduidelik kortliks hoe die volgende mates op 'n vrouefiguur geneem word:

3.3.1 Buitenste been

3.3.2 Oor die rug

3.3.3 Agterste lengte van middellyn

3.3.4 Heupdiepte

(4 × 1) (4)
[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Vir die teken van 'n gefatsoeneerde jas se blok, word die … blok gebruik.

A bolyf
B hemp
C rok
D romp

4.2 Die spesifieke grootte van 'n patroon word identifiseer deur die … op die patroonstuk.

A patroondeel
B patroongrootte
C uitrustingnaam
D stylnommer

4.3 Die mou wat deel uitmaak van die neklyn word die … mou genoem.

A dolman
B Magyar
C kimono
D raglan

4.4 'n … kraag is 'n voorbeelde van 'n plat kraag.

A Rol-
B Matroos-
C Hemp-
D Omkeerbare

4.5 Die gulp op 'n vrou se broek sluit …

A links oor regs.
B Regs oor links.
C op die middel voor.
D soos verkies.

4.6 Breekpunt is …

A die punt van die kraag.
B die punt van die kraagpunt.
C waar die rollyn aansluit by die uitrustingrand.
D waar die kraag aansluit by die skouernekpunt.

GS

4.7 Agterste en voorste pylhoogtes is gemerk op die … van die basiese bolyfblok.

A skouer
B neklyn
C armholte
D middellyn

4.8 Die uitsny-instruksie op 'n patroon word identifiseer deur die … op die patroonstuk.

A patroondeel
B draadlyn
C uitrusting se naam
D stylnommer

4.9 Paslyne is dieselfde as … lyne.

A vou-
B soliede
C stik-
D sny-

4.10 Om 'n mesplooi in 'n patroon te plaas, laat … die diepte van die plooi toe.

A een keer
B twee keer
C drie keer
D vier keer

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Gebruik slegs basiese blokke wat in hierdie vraestel voorsien is.
2. Doen ALLE rofwerk en manipulasies op die gegewe skaal.
3. Teken alle rofwerk op wit tikpapier.
4. Trek buitelyne van elke patroonblok met 'n swart fynlynpen.
5. Moenie die blokke uitsny nie.
6. Plak blokke in die ANTWOORDBOEK. Geen los dele sal nagesien word nie.

GS

VRAAG 5

5.1 Maak gebruik van die volgende mates en instruksies en maak 'n DAMESROMPBLOK, grootte 13, op VYFDE SKAAL.

VEREISTE DIMENSIES:

Middellynmate	=	66 cm
Heupmate	=	93 cm
Heupdieptemate	=	20 cm
Romplengte	=	71 cm

INSTRUKSIES:

Teken 'n lyn afwaarts aan die regterkant van 'n vel papier, dan vierkantige uit aan die bokant. Merk hierdie hoekpunt 0.

0–1 = 3 cm afwaarts

1–2 = Halwe heupmate minus 1,2 cm, gemeet aan die linkerkant van 1 om te raak aan die lyn wat van 0 kom.
Verbind 1 met 2.

1–3 = Heupdieptedimensie afwaarts gemeet.
Verbind 1 en 3 en verleng hierdie lyn afwaarts om die middelvoorlyn (CF) te vorm.

2–4 = Heupdieptemate afwaarts gemeet en 3 tot 4 = helfte van die heupdimensie plus 0,6 mm na links gemeet. Hierdie twee dimensies moet gelyktydig bewerk word.
Verbind 3 met 4. Dit vorm die heuplyn.
Verbind 2 met 4 en verleng die lyn afwaarts om die middelagterlyn te vorm.

2–5 = Romplengte afwaarts

1–6 = Romplengte langs die middelvoorlyn.
Verbind 5 met 6 met 'n gebroke lyn.

2–7 = Helfte van 2 tot 1 plus 0,6 mm na regs gemeet.

5–8 = Helfte van 5 tot 6 plus 0,6 mm na regs gemeet en 1,2 cm af.
Voeg 7 by 8 vir synaat.
Merk punt X waar lyne 7 – 8 en 3 – 4 kruis.
Voeg 5 by 8 en 8 by 6 vir die soomlyn.

1–9 = Een vierde van die middellyn plus 2 cm na links gemeet op die lyn van 1 tot 2.

Kopiereg voorbehou

9–10 = 0,6 mm haaks gemaak.
Kurwe vir voorste middellyn van romp van 1 tot 10.
Kurwe vir voorste synaat van 10 tot X.

10– A = 7,5 cm na regs gemeet op die lyn 1 tot 2.

B = 1 cm na links van A.

C = 1 cm na regs van A.

Haaks af 6,5 cm van A op die lyn 10 tot 1 (vir pylnaatmiddellyn).
Merk die pylnaat van hierdie punt na B en na C.

X–11 = Dieselfde afstand van X na 10 en plaas 2,5 cm na links van 7.
Teken 'n reguit lyn van 11 tot 2 vir agterste middellyn.
Maak kurwe van X na 11 vir die agterste synaat.

AGTERSTE PYLNAAT

Meet die afstand van 11 tot 2 en trek van hierdie hoeveelheid 'n kwart middellyn af.

Die surplus is die wydte van die pylnaat.

Met 7,5 cm na regs van 2 langs die 2 tot 11 lyn.

Meet pylnaatwydte van hierdie punt na regs.

Kry die middelpunt van die pylnaatspeling en merk punt 12.

Maak haaks af 17,5 cm van 12.

Voltooi die agterste pylnaat.

VERLIG DIE BLOK.

TEKEN DRAADLYNE EN BENOEM DIE BLOK. (30)

Kopiereg voorbehou

5.2 Maak gebruik van die damesbolyfblok, voor en agter, en moublok, grootte 13, wat in BYLAE A voorsien is (aangeheg), en maak die basiese Dolman-mou vir vroue op VYFDE SKAAL.

Maak gebruik van die volgende mates en instruksies:

VOORBOLYF

A = Middel van voorste armholte

B = By synaat onderarmpunt

C = Een derde van sysoomlengte, afwaarts van B gemeet.
Maak 'n kurwe vir die voorste armholte van A na C vir nuwe armholte.
Trek buitelyn vir die nuwe voorbolyf.

AGTERBOLYF

D = Middel van agterste armholte

E = By synaat onderarmpunt

F = Gelyke afstand van B tot C.
Maak 'n kurwe vir die agterste armholte van D na F.
Trek buitelyn vir die nuwe agterbolyf.

MOU

G = Meet afwaarts helfte van die afstand B na C op voorste onderarmnaat
Maak haaks by G helfte die afstand B na C.

H = Meet afwaarts helfte die afstand E na F op agterste onderarmnaat.
Maak haaks by H die helfte van die afstand E na F.
Buig die moukop deur hierdie punte en maak 'n buitelyn van die nuwe mou se onderarmnate.
Voltooi die etikettering van die patroon.

(20)
[50]

VRAAG 6

Bestudeer die skets van 'n damesbroek, voorkant, hier onder. Maak gebruik van die damesbroekblok, voorkant grootte 13, op BYLAE B (aangeheg) en dien die volgende manipulasies op VYFDE SKAAL in:

6.1 Beplanning van die voorbroek (22)

6.2 Werkspatroon van die voorbroek met plooi en omslag (18)

6.3 Finale patroon van sakbelegsel (10)



Maak gebruik van die volgende mates en instruksies:

Bermuda-lengte	=	knielyn
Gulpritssluiterdiepte	=	15 cm
Gulpritssluiterwydte	=	3 cm
Sakopening	=	14 cm
Sakdiepte	=	25 cm
Plooiwydte	=	4 cm
Omslagwydte	=	3 cm
Toename by binnebeen en buitebeennaat	=	2,5 cm
Naatspeling	=	1,5 cm

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Bestudeer die skets van 'n vroue rok se voorkant op BYLAE C (aangeheg). Maak gebruik van die damesrokblok, voor, grootte 13 op BYLAE D (aangeheg) en dien die volgende manipulasies op VYFDE SKAAL in:

7.1 Beplanning van die rok se voorkant (30)

7.2 Werkspatroon van die onderste voorkant van die rok (12)

7.3 Finale patroon van die gekombineerde belegsel (8)

Maak gebruik van die volgende mates en instruksies:

A = 10 cm gemeet af van middelvoornekpunt

B = 5 cm gemeet op die skouerlyn van die middel voornekpunt

C = 3 cm gemeet op die skouerlyn van die skouerarmholtepunt

D = 2,5 cm gesak by onderarmnaat
Voltooi die nuwe neklyn en armholte.
Voltooi die gekombineerde belegsel van 3 cm by die soomnaat en 5 cm by die middel voorlyn.

E = 5 cm gemeet van middelste voorste heuplyn
Maak vierkant oor na die synaat vir die nuwe soom, vermeerder by synaatmiddellyn met 2,5 cm en ignoreer die middellynpylnaat.
Verdeel die onderste rok in 4 dele vir rygplooitjies.
Laat 5 cm toe vir rygplooitjies tussen dele.
Voeg naatspeling van 1 cm by.
Voltooi die patroon deur dit te etiketteer. **[50]**

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A







Kopiereg voorbehou

BYLAE B



Kopiereg voorbehou

BYLAE C



BYLAE D



Kopiereg voorbehou